

Vrydag 1 September

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 10:14-22

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 10:16; HK Sondag 28, Antwoord 77

Die nagmaal: gemeenskap met Christus

Deur die viering van die nagmaal tree Christus met ons in gemeenskap. Hy is die Gasheer wat ons deur die brood en die wyn met sy liggaam en bloed wil versterk deur ons in sy lyding en sterwe te laat deel.

Die saak het egter ook 'n ander kant, en dit is dat ons ook doelbewus met Hom in gemeenskap moet tree. Dit doen ons by die nagmaal deur bewustelik aan sy lyding en sterwe ter wille van ons te dink. Dit is trouens wat Hy ook met sy opdrag bedoel: “Doen dit tot my gedagtenis” (1 Kor. 11:25).

Hoe ons dit moet doen, word in die nagmaalsformulier aangedui op 'n wyse wat moeilik oortref kan word, veral as 'n mens dit nog meer persoonlik maak en *ek/my* lees in plaas van *ons*. Dit lui so:

“*Ons* moet van harte glo dat Jesus Christus deur die Vader na hierdie wêreld gestuur is, dat Hy ware mens geword het en as sondelose Lam die toorn van God gedurende sy hele lewe op aarde vir *ons* gedra het. Hy het met sy volmaakte gehoorsaamheid God se wet vir *ons* vervul, veral toe die las van *ons* sonde en die toorn van God Hom bloedsweet in Getsemane ontpers het. Hy het *ons* smart gedra sodat *ons* nooit weer tot skande sou word nie. Hy is onskuldig ter dood veroordeel sodat *ons* voor die gerig van God vrygespreek kan word. Hy is aan die kruis gespyker om die skuldbrief van *ons* sondes daaraan vas te nael. So het Hy *ons* verlos-sing op Hom geneem om *ons* met sy seën te vul. Hy het aan die kruis, na liggaam en siel, helse pyn en smart en bange Godverlatenheid gely toe Hy uitgeroep het: *My God, my God, waarom het U My verlaat?* sodat *ons* nooit meer deur God verlaat sou word nie. Eindelik het Hy met sy dood en bloedstorting die ewige genadeverbond bekragtig met die woorde: *Dit is volbring.*”

Wie dit in alle erns in sy/haar hart sê en werklik met geloof deurleef, kan moeilik van 'n oppervlakkige gebruik van die nagmaal beskuldig word. Trouens, vir wie so gemeenskap met Christus oefen en besin oor sy lyding en sterwe tot ons verlossing, sal die nagmaal nie 'n losstaande herdenking wees van iets wat in die verlede gebeur het nie.

Dit is dan iets wat elke dag van ons lewe 'n blywende en aktuele betekenis het. Soos die verlossing uit Egipte 'n blywende teken van God se genade vir Israel moes wees, wat hulle hele lewe moes bepaal, so moet die verlossing deur Christus – soos dit in die nagmaal in gedagtenis gebring word – die totale lewe van die Christen beheers en bepaal.